basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V1

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENBEGINSELS VIR GEOGRAFIE- NSS NOVEMBER 2025 EN NSS/SC JUNIE 2026

Die volgende nasienbeginsels is ontwikkel om nasien in alle provinsies te standaardiseer.

MERK

- ALLE vrae MOET gemerk word, ongeag of dit korrek of verkeerd is.
- Waar die maksimum punte vir 'n spesifieke vraag toegeken is, plaas 'n **M** oor die res van die teks om aan te dui dat die maksimum punte behaal is.
- Wanneer die korrekte antwoord meer as een keer vir dieselfde vraag gegee word **R**
- 'n Duidelike, netjiese regmerkie moet gebruik word: ✓
  - As EEN punt toegeken word, moet EEN regmerkie gebruik word: ✓
  - As TWEE punte toegeken word, moet TWEE regmerkies gebruik word: ✓✓
  - Die regmerkie moet geplaas word by die FEIT waar 'n punt toegeken word.
  - Regmerkies moet KLEIN gehou word, aangesien verskillende lae moderering kan plaasvind.
- Verkeerde antwoorde moet met 'n duidelike, netjiese kruis gemerk word: ×
  - Gebruik MEER as een kruisie oor 'n paragraaf/besprekingstylvrae om aan te dui dat alle feite oorweeg is.
  - MOENIE 'n streep deur 'n verkeerde antwoord trek nie.
  - MOENIE die verkeerde feite onderstreep nie.

Vir die volgende aksiewoorde is EEN-woord antwoorde aanvaarbaar: **lys**, **noem**, **identifiseer**
Vir die volgende aksiewoorde moet 'n VOLLEDIGE sin geskryf word:**beskryf**,**verduidelik**, **evalueer**, **ontleed**, **Stel voor**, **onderskei**, **definieer**, **bespreek**, **waarom**, **hoe**
Die volgende aksiewoorde moet binne sy konteks gelees word om te bepaal of 'n EEN-woord antwoord of VOLLE sin vereis word: **verskaf**, **wat**, **tabuleer** en **gee**

LET OP DIE VOLGENDE

- As die nommering verkeerd is of weggelaat word, solank die volgorde van antwoorde op vrae gevolg word, kan kandidate gekrediteer word.
- Spelfoute, indien herkenbaar, ken die punte toe mits die betekenis korrek is.
- Wees sensitief vir die sin van 'n antwoord, wat op 'n ander manier gestel kan word.
- Op vrae waar 'n letter die aanvaarde antwoord is, maar die leerder die werklike antwoord neerskryf - ken die punte toe.
- Daar sal addisionele riglyne vir die nasien van sekere vrae wees.

TOTAAL EN OORDRAG VAN PUNTE

- Elke subvraag moet opgetel word
  - Vrae in Afdeling A het vyf onderafdelings, dus vyf sub-totale per vraag word vereis. Afdeling B het drie onderafdelings en drie subtotale.
  - Onderafdelingtotale moet in die regterkantse kantlyn geskryf moet word en onderstreep moet.
  - Subtotale moet leesbaar geskryf word.
  - Laat ruimte om gemodereerde punte op verskillende vlakke in te skryf.
- Tel subtotale op en dra totaal oor aan die linker boonste kantlyn langs die vraagnommer.
- Oordrag totaal na omslag van antwoordboek.

30


VRAAG 1

1.1.1 A (Suid-Atlantiese Hoog) (1) ✓
1.1.2 B (Kalahari High) (1) ✓
1.1.3 B (Suid-Indiese) (1) ✗ **2**

1.2.1 Smeltende sneeu ✓
1.2.2 Mond ✗
1.2.3 Derde orde ✓ **2**

1.3.1 Katabatiese ✗
1.3.2 **1** kom gedurende die dag voor terwyl **2** snags voorkom ✓✓

1.3.3 Koue lug rol af in die vallei en vorm 'n inversie ✓✓



Lug vloei teen die helling af ✓✓ **6**

1.4.1 Vorm van voorste konkaaf ✗
Steil helling van front ✓

1.4.2 Warm lug ondergrawe die koue lug ✗

1.4.3 Lug agter die kouefront is kouer ✓✓ as die lug voor. Koue lug beweeg vinniger ✓✓ as warm lug voor dit. Koue front haal die warm voorkant in. ✓✓ **7**

1.5.1 (a) 'n Rivier wat net heeljaar vloei ✗

(b) Die rivier kanaal is wyd ✗

(c) Gereeldheid ✓✓ van reënval en die grondtipe ✓✓ waaroor die strome vloei.

1.5.2 Gauteng ✓ en die Oos-Kaap ✗

1.5.3 Die koste van voedselproduksie sal toeneem, want dit is duur om gesuiwerde water te koop. Boere sal meer chemikalieë ✓✓ moet koop om water te suiwer. Chemikalieë kos baie en dit sal produksiekoste ✓✓ verhoog. Dit sal duur wees om water te suiwer vir gebruik in elektrisiteitsopwekking. ✓✓ Hierdie koste sal by elektrisiteitspryse ingesluit word. Koste sal die prys van elektrisiteit tydens produksie verhoog. Daar sal minder skoon water wees om hidro-elektrisiteit op te wek. M **13**

AFDELING A: KLIMAAT EN WEER EN GEOMORFOLOGIE

VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER

1.1	1.1.1	B (1)		
	1.1.2	C (1)		
	1.1.3	C (1)		
	1.1.4	B (1)		
	1.1.5	A (1)		
	1.1.6	C (1)		
	1.1.7	D (1)		
	1.1.8	B (1)	(8 x 1)	(8)
1.2	1.2.1	Y (1)		
	1.2.2	Z (1)		
	1.2.3	Z (1)		
	1.2.4	Y (1)		
	1.2.5	Y (1)		
	1.2.6	Z (1)		
	1.2.7	Y (1)	(7 x 1)	(7)

1.3	1.3.1 Benoem globalewind	Westewinde (1)	(1 x 1)	(1)
	1.3.2 Bewyse van die volwasse stadium	Goed gevormde/ontwikkelde kouefront/warm front (2) Goed gevormde/ontwikkelde smal/warm sektor (2) Lugdruk by die sentrum is laer as 1000 hPa/mb (2) Steil drukgradiënt/ Isobare is naby aan mekaar (2) **[ENIGE EEN]**	(1 x 2)	(2)
	1.3.3 Waarom is dit onwaarskynlik dat 'n warmfront die WK sal beïnvloed?	Die (kloksgewyse) sirkulasie van lug stoot die warm front suidwaarts (2) Die warm front is te vêr suid (2) **[ENIGE EEN]**	(1 x 2)	(2)
	1.3.4 Bewyse van sterk winde	Die isobare is naby aan mekaar (2) Steil lugdrukgradiënt (2) **[ENIGE EEN]**	(1 x 2)	(2)
	1.3.5 Verduidelik die verandering in temp en neerslag met die verbygaan van die kouefront	**Temperatuur** Temperatuur daal omdat die warmer lug voor die kouefront deur koue lug vervang word (2) **Neerslag** Donderstorms/verhoogde reënval/hael is die gevolg van cumulonimbuswolke (2) Sneeu kan die gevolg wees van baie lae temperature (2) **[ENIGE EEN]** **[VERWYS NA BEIDE DIE TEMPERATUUR EN DIE NEERSLAG]** (2 x 2)		(4)
		INSTRUKSIES VIR GEDEELTELIKE PUNTE-TOEKENNING **Temperatuur** Temperature daal (1) **Neerslag** Donderstorms/verhoogde reënval/hael (1) Sneeu kan die gevolg wees (1) **[MAKSIMUM 2 PUNTE – MOET BEIDE ASPEKTE NOEM]**		
	1.3.6 Hoe is frontale reën voordelig vir boerdery in die WK gedurende die winter?	Reën maak die waterstoorfasiliteite vol (aanvaar voorbeelde) (2) Reën verhoog die volume water in riviere (2) Maak voorsiening vir die aanplant van 'n verskeidenheid gewasse/vrugte (aanvaar voorbeelde) (2) Bevorder die groei van natuurlike plantegroei/weiding (2) Dit help om die herhalende/intensiteit van veldbrande te verminder (2) Grond word vrugbaar Dit vul ondergrondse waterbronne aan (2) Natuurlike besproeiing (2) Verlaag die koste van besproeiing (2) **[ENIGE TWEE]**	(2 x 2)	(4)
1.4	1.4.1	Indiese Oseaan (1)	(1 x 1)	(1)

1.4.2
Noem 'n weers-toestand wat verantwoordelik is vir die groot aantal tropiese siklone

Minimum temperature van 26,5°C (2)
Hoë voginhoud/ Hoë lugvogtigheid (2)
Kalm toestande (ligte veranderlike winde) (2)
Lugdruk is laag (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

1.4.3
Bewyse van die volwasse stadium op 9 Maart om 23:00

Die lugdruk het gedaal tot die laagste/976 hPa (2)
Die windspoed is op sy hoogste/sterkste/150 km/h/orkaansterkte (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

1.4.4
Verduidelik waarom stormvloede met TS geassosieer word F+K

Sterk winde (as gevolg van steil lugdrukgradiënt) wat groot volumes seewater aan die kus stoot (2)
Spiraalbeweging van die sikloon veroorsaak opwaartse beweging van seewater (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

INSTRUKSIES VIR GEDEELTELIKE PUNTE-TOEKENNING
Sterk winde (1)
Spiraalbeweging (1)
[ENIGE EEN]
[MAKSIMUM EEN PUNT]

1.4.5
PARAGRAAF: Verduidelik die vernietigende fisiese impak van stormvloede op kusgebiede.

Kusoorstromings as gevolg van groot volumes water (2)
Sandduine word geërodeer /onstabiel gemaak deur die oorstrominge (2)
Kuslyne word hervorm deur die krag van die branders (2)
Kusplantegroei sal vernietig word deur die branders (2)
Afset van baie steengruis op die kuslyn wanneer branders terugtrek (2)
Kuserosie word deur oorstromings veroorsaak (aanvaar voorbeelde) (2)
Biodiversiteit (aanvaar voorbeelde) word negatief beïnvloed deur oorstrominge (2)
Voedselwebbe/voedselkettings word deur oorstromings vernietig (2)
Ekosisteme word deur golwe vernietig (2)
Natuurlike habitats word deur golwe vernietig (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)

INSTRUKSIES VIR GEDEELTELIKE PUNTE-TOEKENNING
Kusoorstromings (1)
Sandduine word geërodeer /onstabiel (1)
Kuslyne word hervorm (1)
Afset van baie steengruis op die kuslyn (1)
Kuserosie (1)
Biodiversiteit (aanvaar voorbeelde) word negatief beïnvloed (1)
Voedselwebbe/voedselkettings word vernietig (1)
Ekosisteme word vernietig (1)
Natuurlike habitats vernietig (1)
[MAKSIMUM VIER PUNTE]

1.5.1
Stedelike hitte-eiland

'n Stedelike gebied met hoër temperature wat omring word deur landelike gebiede met laer temperature (2)
[KONSEP] (1 x 2) (2)

1.5.2 Temp by X	27°C to 29°C (1)	(1 x 1)	(1)
1.5.3 Gee TWEE redes vir die temperatuur wat by X aangeteken is	Afname in oop/groen ruimtes (aanvaar voorbeelde) (2) Kunsmatige oppervlaktes (aanvaar voorbeelde) (2) Hitte-opwekkende aktiwiteite (aanvaar voorbeelde) (2) Gebrek aan wateroppervlaktes (2) Stormwaterdreineringstelsels (2) Hoë gebouedigtheid (2) Hoë geboue (2) Hoër bevolkingsdigtheid (2) **[ENIGE TWEE]**	(2 x 2)	(4)
1.5.4 Noem TWEE fisiese impakte van die stedelike hitte-eiland.	Groter wolkformasie (aanvaar smog/mis) (1) Swaarder reënval (aanvaar suurreën) (1)	(2 x 1)	(2)
1.5.5 <u>Verduidelik hoe</u> volhoubare strategieë ingestel kan word om die impak van stedelike hitte-eilande te verminder.	Plant meer bome om die koolstofdioksied te absorbeer (2) Skep groengordel en parke om 'n afkoeling effek te skep rondom die stad (2) Gebruik omgewingsvriendelike infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) om hitte te verminder (2) Ontwikkel dak- of vertikale tuine om hitte te absorbeer (2) Gebruik ligkleurige verf/materiale (aanvaar voorbeelde) wat hitte weerkaats (2) Gebruik omgewingsvriendelike energie/groen energie om hitteproduksie te verminder (2) Sluit waterkenmerke in om temperature te verlaag (2) Bevorder openbare vervoer, fietsry, stap, saamryklubs/lift clubs/park-en-ry-fasiliteite om kunsmatige hitteproduksie te verminder (2) Gebruik keisteen-/plaveiseloppervlaktes om hitte-absorpsie te verminder (2) Desentraliseer nywerhede of kommersiële aktiwiteite om lugbesoedeling te verminder (2) Stel boetes in om besoedeling deur nywerhede te reguleer (2) Voed mense op oor die gevolge van hitte-eiland (2) Skep bewustheid oor die gevolge van hitte-eiland (2) Moedig mense aan om van die huis af te werk om aktiwiteite in die stad te verminder (aanvaar voorbeelde) (2) **[ENIGE DRIE]**	(3 x 2)	(6)


INSTRUKSIES VIR GEDEELTELIKE PUNTE-TOEKENNING:
Plant meer bome (1)
Skep groenstroke en parke (1)
Gebruik omgewingsvriendelike infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (1)
Ontwikkel dak- of vertikale tuine (1)
Gebruik ligkleurige verf/materiale (aanvaar voorbeelde) (1)
Gebruik omgewingsvriendelike energie/groen energie (1)
Sluit waterkenmerke in (1)
Bevorder openbare vervoer, fietsry, stap, saamryklubs of park-en-ry-fasiliteite (1)
Gebruik keisteen-/plaveiseloppervlaktes (1)
Desentraliseer nywerhede of kommersiële aktiwiteite (1)
Stel boetes in (1)
Lig mense in / skep bewustheid ()
Moedig mense aan om van die huis af te werk (1)
[MAKSIMUM DRIE PUNTE]

[60]

VRAAG 2 - GEOMORFOLOGIE

2.1	2.1.1	Y (1)		
	2.1.2	Z (1)		
	2.1.3	Y (1)		
	2.1.4	Y (1)		
	2.1.5	Z (1)		
	2.1.6	Z (1)		
	2.1.7	Y (1)	(7 x 1)	(7)
2.2	2.2.1	C (1)		
	2.2.2	C (1)		
	2.2.3	B (1)		
	2.2.4	D (1)		
	2.2.5	A (1)		
	2.2.6	C (1)		
	2.2.7	B (1)		
	2.2.8	C (1)	(8 x 1)	(8)
2.3	2.3.1	Afsetting (1)	(1 x 1)	(1)
	2.3.2 Voordeel van 'n vloedvlakte as 'n natuurlike habitat	Voorsien vrugbare grond (1) Voorsien watervoorraad (1) Gee toegang tot voedsel (aanvaar voorbeelde) (1) Ondersteun biodiversiteit (aanvaar voorbeelde) (1) Reguleer ekosisteme (1) Verskaf broeiplekke (1) **[ENIGE TWEE]**	(2 x 1)	(2)
	2.3.3 Bespreek redes vir oorstroming by A	Die watertafel styg hoër as die oewers gedurende tye van swaar reënval (2) Die geleidelike helling maak dit makliker tydens oorstromings (2) Vlak diepte van die rivier maak oorstroming moontlik (2) Versadigde grond lei tot minder infiltrasie (2) **[ENIGE TWEE]**	(2 x 2)	(4)

2.3.4 Skets



Dwarsdeursnee (1)
Levée/oewerwal (1) **[ENIGE EEN]**
Vloedvlakte (1) **[ENIGE EEN]**
Rivier (1) (4 x 1) (4)

2.3.5 Verduidelik die vorming van walle (natuurlike walle) en hoe dit oorstroming by B beperk het

<u>Vorming</u>
Gedurende (gereelde) oorstromings word die growwe/swarste materiaal afgeset op die rivieroewers (2)
Na oorstromings is die oorsaak van die afgesette materiaal dat die rivieroewers sal styg (2)
[ENIGE EEN]
<u>Hoe oorstroming beperk word</u>
Die verhoogde rivieroewers beperk die hoeveelheid water om die vloedvlaktes te bereik (2)
[MOET NA BEIDE VERWYS] (2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 Definisie van rivierverjonging

Die hernuwing van 'n rivier se erosiekrag (2)
[KONSEP] (1 x 2) (2)

2.4.2 Ingekerfde kronkel/ Ingesnyde meander (1) (1 x 1) (1)

2.4.3 <u>Verduidelik hoe</u> rivierverjonging A na B verander het PROSES

Rivierverjonging het tot vertikale/laterale erosie gelei (2)
Vertikale erosie het gelei na diepper/steiler/vallei/verlaging van die basisvlak (2) (2 x 2) (4)

2.4.4 PARAGRAAF: Verduidelik hoe rivierverjonging boerdery langs die rivier negatief sal beïnvloed F+K

Diep valleie/steil kante maak konstruksie (bou van landbou-infrastruktuur) duurder (2)
Diep valleie/steil kante verminder die hoeveelheid plat/gelyk grond wat vir boerdery beskikbaar is (2)
Ingesnyde meanders maak dit moeilik om die rivierwater vir besproeiing te bereik (2)
Diep valleie/steil kante lei tot minder vrugbare grond (2)
Verhoogde erosie en minder afsetting lei tot minder vrugbare grond (2)
Destabilisering van rivieroewers verhoog versterkingskoste (2)
Vertikale/laterale erosie verminder waardevolle landbougrond (2)
Gepaarde terrasse verminder die oppervlakte wat vir verbouing/gewasverbouing beskikbaar is (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)

INSTRUKSIES VIR GEDEELTELIKE PUNTE-TOEKENNING:
Diep valleie/steil kante (1)
Ingesnyde meanders (1)
Destabilisering van rivieroewers (1)
Verhoogde/vertikale/laterale erosie (1)
Gepaarde terrasse (1)
[ENIGE VIER]
[MAKSIMUM VIER PUNTE]

2.5 2.5.1 (a) 19 miljoen (1) (1 x 1) (1)

Noem EEN manier waarop mense van die Vaalrivier afhanklik is.

(b) Drinkwater (1)
Landbou (1)
Nywerheid gebruik (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)

2.5.2 Riooloorloop (1) (1 x 1) (1)

2.5.3 Bewyse uit die foto om die oorsaak van besoedeling te verduidelik

Huishoudings/informele nedersettings langs die rivier stort/gooi afval in die rivier (aanvaar voorbeelde) (2)
Riool pype word (nie onderhou nie), afval beland direk in die water (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

2.5.4 Waarom neem besoedeling toe ná 'n vloed?

Vloedwater spoel afvalstof (aanvaar voorbeelde) in die rivier (2) (1 x 2) (2)

2.5.5 Waarom sal besoedelde water 'n groter impak op arm gemeenskappe langs die rivier hê?

Het nie toegang tot drinkbare (gepypte) water nie (2)
Hulle gebruik die water (aanvaar voorbeelde) uit die rivier (2)
Hulle loop 'n groot risiko om wateroordraagbare siektes (aanvaar voorbeelde) op te doen (2)
Die stank/reuk van besoedelde water beïnvloed hul gesondheid (2)
Hulle gebruik die rivierwater vir die besproeiing van gewasse (2)
Dit stel vee in gevaar (2)
Hulle het nie die finansiële middele om water te suiwer nie (2)
Hulle kan nie opbergingsfasiliteite of gebottelde water bekostig nie (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

2.5.6 Stel TWEE maniere voor waarop munisipaliteite die risiko van besoedeling wat in die rivier beland, kan verminder.

Bou rioolwerke (2)
Behoorlike instandhouding van rioolfasiliteite/stormwaterdreineringstelsels (2)
Opgradeer rioolwaterbehandelingsaanlegte (2)
Monitor watergehalte (2)
Skep buffersones langs riviere (2)
Gebruik omgewingsvriendelike plaagdoders/onkruiddoders (2)
Bevorder volhoubare boerderypraktyke (2)
Bevorder gemeenskaps-skoonmaakprogramme (aanvaar voorbeelde) (2)
Pas wette/verordeninge toe (aanvaar voorbeelde) (2)
Bou gevaarlike nywerhede weg van riviere (2)
Doeltreffende afvalverwydering/-insameling (2)
Beheer onwettige storting van afval (2)
Voed die publiek op (2)
Skep bewustheid (aanvaar voorbeelde) (2)
Herwinning van materiale (2)
Verskaf vullisdromme (2)
Moedig die aanplanting en groei van plantegroei aan (2)
Verskuif informele nedersettings /inwoners (2)
Vleilandherstelprojekte (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
[60]

TOTAAL AFDELING A: 120

AFDELING B

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

3.1	3.1.1	A (1)	(1 x 1)	(1)
	3.1.2	D (1)	(1 x 1)	(1)
	3.1.3	65º (speling 64º – 66º) (1)	(1 x 1)	(1)
	3.1.4	B (1)	(1 x 1)	(1)
	3.1.5	Konveks (helling) (1)	(1 x 1)	(1)
	3.1.6 VV Berekening	Formule: Vertikale vergroting = $\frac{\text{Vertikale Skaal}}{\text{Horisontale skaal}}$ VS = 1cm : 10 m x 100 (1) 1 : 1000 (1) VV = $\frac{\frac{1}{1\,000}}{\frac{1}{10\,000}}$ (1) (Korrekte vervaning) VV = 10 keer (1)	(4 x 1)	(4)
	3.1.7 Hoekom berken VV	Om 'n meer duidelike sig van die verskynsels/landskap te kry (1) Om te bepaal hoeveel keer is die landskap/verskynsel vergroot op die dwarsdeursnee (1) **[ENIGE EEN]**	(1 x 1)	(1)
3.2	3.2.1 Mensge maakte kenmerk 9	Standhoudende water (1) (AANVAAR Dam)	(1 x 1)	(1)
	3.2.2 Toon /winter	Dit dui min/geen water aan (1)	(1 x 1)	(1)
	3.2.3	Noord (1)	(1 x 1)	(1)
	3.2.4 Waarom op hierdie helling?	Noordfrontende hellings is warmer/droër wat meer geskik is vir gewas-boerdery (2)	(1 x 2)	(2)

	3.2.5 Ligging van die dorp ervaar meer oorstromings.	Elliot is omring deur steil hellings (2) Elliot is aan die voet van die Drakensberge geleë (2) Omliggende strome vloei na Elliot toe (sentripetale dreinering) (2) **[ENIGE EEN]**	(1 x 2)	(2)
	3.2.6 Bewys vir 'n SO rivierloop rigting (H)	Die dam se wal word gevind suid-oos van die dam (2) Die V-vorm/skerphoek wat deur die samevloeiing (aansluiting) van sytakke gevorm word, wys stroomaf (suidooswaarts). (2) Kontoerlyne buig stroomop na die hoogste punt (in 'n noord-westelike rigting) (2) **[ENIGE EEN]**	(1 x 2)	(2)
	3.2.7	Moeras en vlei (1)	(1 x 1)	(1)
	3.2.8	Plat/gelykmatige hellende grond maak die ophoping van water moontlik. (2)	(1 x 2)	(2)
		INSTRUKSIES VIR GEDEELTELIKE PUNTE-TOEKENNING: Plat/gelykmatige grond **[MAKSIMUM EEN PUNT]**		
3.3	3.3.1	Lyn (1)	(1 x 1)	(1)
	3.3.2 Atribuut van die R56	Hoofverkeersroete/weg (1) Breedte (1) Lengte (1) Deurgrawing (1) Kronkelpad (1) **[ENIGE EEN]**	(1 x 1)	(1)
	3.3.3 Definisie van 'n datalaag	Dit is 'n laag informasie (wat op 'n spesifieke tema gebaseer is) (2) **[KONSEP]**	(1 x 2)	(2)
	3.3.4 TWEE datalae – ligging van die dam in B4/C4	Dreinering (1) Topografie/Reliëf (1) **[ENIGE TWEE]**	(2 x 1)	(2)
	3.3.5 Verduidelik hoe EEN datalaag die volume water in die dam beïnvloed	Dreinering: Meer stroomkanale sal die volume water verhoog (2) Topografie: 'n Steiler helling sal die tempo van afloop verhoog (2) **[ENIGE EEN]**	(1 x 2)	(2)

TOTAAL AFDELING B: [30]
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou